/yk [10]

**Head Office**

Megawatt Park
Maxwell Drive Sandton

PO Box 1091
2000 Johannesburg
Telex 4-24481 SA
Telephone (011) 800-8111

**Hoofkantoor**

Megawatt Park
Maxwellrylaan Sandton

Posbus 1091
2000 Johannesburg
Teleks 4-24481 SA
Telefoon (011) 800-8111

ESKOM

Werkgroep Twee
KODESA
Posbus 307
ISANDO
1600

| Date/Datum | Your Ref./U Verw. | Our Ref./Ons verw. | Enquiries/Navrae |
|---|---|---|---|
| 11 May 1992 | | DE 603/53 | |

Menere

**AANBEVELINGS AAN KODESA**

Na aanleiding van die opdrag aan u Werkgroep, naamlik :-

> "Om ondersoek in te stel en verslag te doen oor alle voorstelle en aanbevelings te maak oor algemene grondwetlike beginsels wat in 'n grondwet vasgelê moet word en wat nie weerspreek moet word in enige ander bepaling van die nuwe grondwet nie, met dien verstande dat die huidige en toekomstige deelnemers aan KODESA daarop geregtig is om vryelik enige aanbeveling of inset aan hierdie Werkgroep te maak wat nie met die demokrasie strydig is nie, vir bespreking, oorweging en aanbeveling."

Eskom is deur die Ministerie van Staatkundige Ontwikkeling namens die Regering genooi om aanbevelings ten opsigte van breë beginsels en vertrekpunte met betrekking tot plaaslike regering aan Werkgroep Twee van KODESA voor te lê.

Uiteraard is Eskom se belange beperk tot die ontwikkeling en verspreiding van elektrisiteit. Kragtens die Eskomwet en die Elektrisiteitswet in huidige vorm, is Eskom gemagtig om binne die Republiek van Suid-Afrika elektrisiteit te ontwikkel en te voorsien behoudens die regte van plaaslike owerhede en die houers van lisensies. Eskom se funksies en magtiging val dus logiesgewyse in twee kategorieë: Eerstens, die ontwikkeling van elektrisiteit en tweedens, die verspreiding daarvan.

1. ONTWIKKELING VAN ELEKTRISITEIT

Hierdie faset van Eskom se aktiwiteite behels die werklike ontwikkeling van elektrisiteit waar dit op die mees doeltreffende wyse gedoen kan word, asook die skep, beheer en bedryf van 'n nasionale kragnetwerk wat die krag vervoer en landswyd beskikbaar stel om sodoende massaverspreiders toegang te gee tot die krag wat elders ontwikkel is. Om hierdie infrastruktuur daar te stel is kapitaalintensief en tans het Eskom reeds 'n nasionale kragnetwerk wat hopelik in die nabye toekoms uitgebou sal word om verskillende lande in die Suider-Afrika-streek in te sluit. Eskom beskik tans en vir die afsienbare toekoms oor die vermoë om krag te ontwikkel wat aansienlik meer is as die Republiek se behoefte. Teen huidige lastoenames sal Eskom waarskynlik sonder enige verdere uitbreiding van sy kragontwikkelingsvermoë in die totale behoeftes van die Republiek vir die volgende dekade kan voorsien. Dit blyk dus dat beheer oor kragontwikkeling en die nasionale kragnetwerk nie afgewentel kan word tot op plaaslike regeringsvlak of dit nou streeks- of munisipale regering is al dan nie. Insgelyks moet enige verdere uitbreiding van die Republiek se totale kragontwikkelingsvermoë en/of kragnetwerk bepaal word deur die openbare belang en nie deur streeks- of munisipale belang nie. Eskom stel dus voor -

1.1 dat sy magtiging om krag te ontwikkel en te versprei in die grondwet verskans word en nie deur enige ander botsende bepaling gewysig kan word nie;

1.2 dat die beheerfunksie van die Elektrisiteitsbeheerraad of soortgelyke liggaam behou word en ook verskans word soos in 1.1.

2. VERSPREIDING VAN ELEKTRISITEIT

Tradisioneel minstens sedert 1922 het plaaslike owerhede die eksklusiewe reg om onderhewig aan voorafverkreë gevestigde regte krag binne hulle jurisdiksiegebied te versprei. Dit is Eskom se standpunt dat met die uitsluiting van 'n aantal groot stede, munisipale owerhede nie werklik verspreiding van elektrisiteit doeltreffend kan hanteer nie, gevolglik is dit Eskom se standpunt dat verspreiding van elektrisiteit in die nuwe grondwet nie langer eksklusief binne die jurisdiksiegebied van 'n plaaslike owerhede aan 'n plaaslike owerheid toegeken moet word nie. In dié verband sien Eskom geen verskil tussen elektrisiteitverspreiding en telekommunikasie waar geen sodanige eksklusiwiteit bestaan nie. Indien die regeringsvoorstel vir streeksregering deur KODESA aanvaar word sou sodanige streeksregering elektrisiteit onder andere op een van die volgende wyse kon hanteer :-

2.1 Deur die verspreiding van elektrisiteit te beheer, dus ook mettertyd die tariewe daarvan. Dit sou inkonsekwent

wees om 'n streeksregering te magtig om 'n nasionale verspreider soos Eskom se tariewe te bepaal tensy sekere riglyne neergelê word, onder andere dat die verspreider minstens sy koste wat ook die koste van kapitaal insluit, uit sy tariewe kan verhaal.

2.2 Die streeksregering kan 'n orgaan skep, naamlik 'n streekskorporasie wat verspreiding van elektrisiteit in die streek kan behartig. So 'n streekskorporasie sou dan effektief Eskom se bates in daardie streek by wyse van onteiening of andersins bekom. Voorsiening vir behoorlike vergoeding en oplossing van geskille moet dan verskans word in die grondwet in daardie geval.

2.3 Die streeksregering kan natuurlik ook self verspreiding van elektrisiteit as een van sy funksies oorneem. In dié verband ontstaan dieselfde probleme vir Eskom as in 2.2. Die verbruiker is natuurlik nou in 'n situasie waar, alhoewel hy die streeksregering by verkiesing daarstel, hy maar weinig direkte insette het met die verspreiding van elektrisiteit en die gepaardgaande koste.

Dit is derhalwe Eskom se standpunt in die lig van voorgaande dat 'n streeksregering belet moet word om self elektrisiteit te versprei en dat hierdie bepaling ook in die grondwet verskans moet word.

Bogenoemde is maar enkele aanmerkings rondom hierdie komplekse probleem en Eskom vertrou dat Werkgroep Twee ter gelegener tyd Eskom op die hoogte sal hou van enige voorstelle en Eskom die geleentheid gee om kommentaar te lewer.

Die uwe

P. M. Semark
UITVOERENDE DIREKTEUR (KORPORAATAANGELEENTHEDE)